

14 Februarie

Skrifgedeelte: Lukas 9:57-62
Fokusgedeelte: Lukas 9:62

Ja Here ... net eers

‘n Gelowige wil God graag dien, maar is altyd besig om Hom voorwaardelik te dien. As jy nie in die kerk was nie en as jy nie jou bydrae gee nie, is daar altyd ‘n rede daarvoor. Met ander woorde, die gelowige wil graag volgeling van Christus wees, maar baie keer op sy eie voorwaardes. In hierdie Skrifgedeelte laat Christus ons sien hoe ons Hom moet volg. Eers gee Jesus drie voorbeelde van hoe ‘n volgeling van Christus nie moet wees nie. Die eerste, baie beïndruk met die wonderwerke van Christus, is oormoedig emosioneel: “Ek sal U volg waar U ook al gaan” (vers 57). Die tweede sal Hom volg, maar eers iets anders doen (vers 59). Die derde is weer huiwerig. Hy wil eers sy familie gaan groet (vers 61). Sien jy, altyd maar voorwaardelik! En dan die Christelike eis wat ons in vers 62 vind: “Iemand wat die hand aan die ploeg slaan en aanhou omkyk, is nie geskik vir die koninkryk van God nie”. Hierdie beeld voer ons gedagtes terug na die landbouer agter sy span osse. Dit is harde werk om die ploeg in die voor te hou. Dit verg al jou aandag en toewyding en krag. Só moet ‘n Christen wees, sê Christus. As volgeling van Hom vra dit offers en kruisdra. Dit is harde werk. Dit vra totale toewyding en inspanning. Juis daarvoor het Christus gekom: Om ons wat glo te verlos van sonde, sodat ons Christus voluit kan dien ... sonder voorwaardes!

Sing: Psalm 81:12,13

Ds NW Lighthelm (Pretoria-Alkantrant)